

MURRAYSBURGER



The secret is out!

Go to www.murraysburg.co.za

The Murraysburger is available on the website. Hard copies available at Kweperlaan Coffee Shop on request.

Contact details on page 2

Feb 2014
No 35



Murraysburg se pragtige pyporrel

Murraysburg spog met een van die mooiste pyporrels in die land. Ons vergeet partykeer hoe bevoorreg ons is om die eienaar te kan wees van so 'n juweel. Sedert tannie Hermien Botha weens gesondheidredes moes aftree as ons laaste orreliste, het die ou pragreus se pype stil geraak en het die gemeente al amper gewoon geraak aan die stilte en alhoewel baie dankie gesê moet word aan Liesl Conradie wat die begeleiding met klavier doen, was dit maar net nie dieselfde nie. Daar was egter 'n paar geleenthede waar orreliste van elders opgtree het en hier sê ons baie dankie aan onder andere Morné Serfontein van Beaufort Wes en Anemi Leach van Pretoria. Anemi se uitvoering op Sondag die 12de was 'n totale verrassing vir die gemeente en sy het nie alleen die begeleiding gedoen nie maar het ook vir 'n halfuur voor die diens van die tydlose klassieke stukke soos die slawekoor uit Nabucco en Händel se Largo gespeel. En toe verras sy die gemeente deur weer die volgende Sondag te kom speel. Hoe bevoorreg was ons nie om haar uitsonderlike talent te kon geniet het nie.

BRIEWE/LETTERS

TEL/FAKS: 049 844 0135
120

SMS: 072 388 9284 / 082 5093

EPOS: renetheron@mweb.co.za
POSADRES: Voortrekkerstraat 30, Murraysburg, 6995

Skuilname mag gebruik word, maar alle briewe moet vergesel wees van 'n naam, adres en handtekening.

Die redaksie behou die reg voor om briewe te verkort of te verwerp. Die sperdatum vir bydraes is middel van die maand.

Pseudonyms may be used, but all letters must be supported by a name, signature and address.

The editors reserve the right to edit or reject letters. The deadline for contributions is middle of the month.

VAN DIE REDAKSIE

Daar is die gesegde van "Geen Nuus is Goeie Nuus", maar in die geval van die Murraysburger is dit Slegte Nuus. Januarie was maar 'n stil maand en daar het nie veel gebeur nie. Maar wat wel 'n feit is, is dat daar in die geskiedenis van Murraysburg baie interessante en nuuswaardige dinge gebeur het. As onlangse "inkommer" weet ek nie van al die staaltjies en stories nie en verlaat my op julle, die lesers en oud-Murraysburgers om hierdie gaping te vul. Kom mense, asseblief, laat van julle hoor.

NG-kerkbasaar

Die basaarkomitee het om praktiese redes besluit om die dankfeesbasaar, wat vir 28 Februarie beplan was, na Saterdag, 12 April, te verskuif.

Dankfeesbasaar

Besluite en aanbevelings van die Basaarkommissie

- Datum van basaar: Saterdag, 12 April 2014.
- Plek: Kerksaal. (Gazebo's sal buite opgeslaan word).
- Tyd: Oggend tot middagete (tye sal later bekendgemaak word).
- Slegs 'n ligte middagete (Kafee).
- Vermaak vir kinders sal aangebied word.
- Vetveeving – ook by kerksaal.
- Skatkis sal steeds beskikbaar wees vir kontantbydraes.
- Aansit-ete word beplan vir 'n later geleentheid.
- Twee rolbaldae word beplan, waarvan een verkieslik in vakansietyd moet wees om die jongmense te betrek. Daar sal moontlik ook tennis gereël word.

Wyksindeling

Laer Buffelsrivier/Rietfontein: Kafee (koffie, tee, pasteie, skyfies, hamburgers (bief & hoender), worsbroodjies).

Brakrivier, Trouberg, Sneeuberg: Allerlei (wykslede besluit self wat aangebied sal word).

Ouetehuis: Gevriesde produkte (pasteie, vleis, ens).

Suidwyk: Pannekoek.

Noordwyk: Poeding.

Wit Olifant-tafel: Hannatjie Fourie.

Lena Rossouw tagtig jaar oud



Lena Rossouw, beter in Murraysburg as Lena Dammetjie bekend, het op 10 Januarie haar tagtigste verjaarsdag gevier. Afgesien van talle vriende kon sy dié besondere dag in die teenwoordigheid van haar drie dogters, twee kleinkinders en vier agterkleinkinders vier.

Lena is as 'n nooi Victor in Murraysburg gebore, waar sy ook skoolgegaan en haar matriek behaal het. Sy is met Danie (Dammetjie) Rossouw van Kapoksplaas getroud en daar is drie dogters, Christa, Ansa en Dalena, uit die huwelik gebore. Vandag is die Rossouws skatryk met agt kleinkinders en ses agterkleinkinders.

Die lewe op Kapoksplaas was nie altyd maklik nie aangesien Lena beide haar skoonouers, veral haar skoonmoeder, lank moes versorg. Sy het baie hard in die slaghuis en winkel, wat haar man in die dorp bedryf het, gewerk totdat die jongste, Dalena, haar studies voltooi het.

Van harde werk kan niemand vir Lena Rossouw iets leer nie en selfs nou op tagtig behartig sy haar huis en tuin sonder enige hulp. Boonop word daar veral vir die kinders konfyt gekook, vrugte en groente ingemaak en gebak. Beskuit, kleinkoekies, groot koeke en natuurlik pannekoek. Geen Sneeberg Crawl kan aangebied word sonder dat Lena letterlik honderde pannekoeke daarvoor bak nie!

Alhoewel sy heelwat gesondheidsuitdagings moet trotseer, wil Lena Rossouw nie daarvan hoor om haar huis op te gee nie. Nie eens die nege inbrake van die afgelope tyd kan haar uit haar huis dryf nie!

Die baie vriende het heeldag deur kom gelukwens en Ansa het tee en heerlike verversings voorgesit. Die aand het die familie aan huis van Christa en Johannes van Heerden saamgekuier en kon die drie dogters en hulle gesinne hulle besondere ma ietwat bederf.

Lena Rossouw is vir baie Murraysburgers in baie opsigte 'n voorbeeld en 'n gesonde nuwe lewensjaar word haar toegewens.

Kerksaal weer funksioneel

Die kerksaal van die N.G.-gemeente is 'n historiese, alleenstaande gebou, wat met die veranderende behoeftes van die gemeente nie meer volledig doelmatig was nie. Na baie wik en weeg, sente bymeaarskraap en omdraai, is die laaste fase van sy restaurasie verlede week met die hang van die gordyne voltooi.

Nadat baie menings, ook van 'n argitek, ingewin is, was almal dit eens dat die karakter van die gebou nie geskend mag word nie. Die verhoog is uitgehaal, aangesien die tye van konsert hou met die koms van die tegnologiese era verby is en kon daar sodoende binne baie spatie gewen word. Klein veranderings aan die kombuis, soos onder andere die uithaal van 'n deur, het ook daar meer ruimte geskep en kan 'n paar persone nou gelyktydig daar werskaf. Die ou ingang is wel behou, maar die nuwe ingang aan die kant

sluit mooi aan by die argitektuur van die gebou en is baie meer doelmatig.

Nadat alle houtwerk opgeknop en die hele gebou netjies naaswit geverf is, was alle gemeentede tevrede, veral toe die gemaklike nuwe stoele en opvoutafels beproef is. Al is daar sedert die voltooiing verskeie gemeente-etes en ander funksies suksesvol aangebied, het van die dames gevoel dat die saal warmte kort en dat die 4 meter hoë boogvensters gordyne moes kry.

Die fondse vir die hele projek is hoofsaaklik deur veilings, wat die dames gehou het, gegenerer en kon die voorsitter van die Finansiële Kommissie uiteindelik nie anders as om 'n bedrag vir gordyne te bewillig nie.

Onder leiding van Elsabé Louwrens en Theresa Troskie is die materiaal aangekoop en verlede Donderdag is die lang, swaar gordyne daar in die kerksaal gemaak. Ten spyte van die hitte het die masjiene gesing en die vier stiksters sommer heerlijk saamgekuier. Boonop was hulle bevoorreg dat Adri Smit die meeste van die onaangename strykwerk gedoen en Theresa Troskie 'n heerlike tunaslaai vir middagete voorsien het.

Hoe Dion Grebe en sy seun Hein vooraf die gordynstokke reguit en haaks teen die hoë mure aangebring het, is 'n raaisel, maar die dames het met verwondering Hein Grebe en Afrika Smith met die ophang van die gordyne dopgehou. Die twee mans het gelyktydig met twee lere opgeklim, die gordynstokke afgehaal en op die grond die gordyne ingehaak. Heel ongeërg, maar berekend, het hulle toe weer gelyktydig tree vir tree teen die lang lere



met die swaar stok met die ingehaakte gordyne bo

hulle koppe gehou, opgeklim en siedaar binne 'n oogwenk hang die gordyne!

Eers nou met die gordyne op hul plek kom die saal regtig tot sy reg en word daar met afwagting uitgesien na die gemeente se reaksie wanneer hulle eerskomende Sondag die dubbele dooptee van Wilhelm Schmidt en Adrie Conradie bywoon.

Dubbele doop, dubbele vreugde

Sondag se dubbele doop van klein Adrie Conradie en Wilhelm Schmidt in die N.G-kerk het tot groot vreugde aanleiding gegee. Dis moeilik om te sê wie van al die rolspelers in die drama in die klein, God, die ouers, die dopelinge, en die gemeente, wat die kleingoed in hulle kring ontvang het, die gelukkigste was.

Vir die Murraysburgers is dit baie spesiaal dat Barbara Schmidt (née Theron) en Schalk Conradie so 'n hegte band met hulle grootword-gemeente het, dat hulle juis hulle kinders daar aan hulle God wou toewy en nie in die gemeentes swaar hulle nou woonagtig en werksaam is nie.

Klein Adrie is natuurlik deur haar raakvat ouma Adrie, na wie sy vernoem is, ingebring, terwyl oupa Flippie Conradie van Kareebosch maar beskeie, tog trots, in die agtergrond was. Liezl en Schalk Conradie het ook die ondersteuning van hulle ander ouerpaar, Susan en Jan Kriel van Beaufort-Wes en talle familieleden geniet. Amper het ousus Janneke al die kalklig gesteel! Terug op Cambreré, Somerset-Oos, sal die gebeure die hele gesinnetjie nog lank bybly.

Klein Wilhelm Schmidt, met sy ontslape oupa se doopname, Willem Jacobus, was bevoorreg dat grootouma Anna Schmidt hom na die doopfont kon bring met grootouma Barbara Theron as dankbare getuie. Vir Alna en Rikus Theron van Landsig was die doop van hulle eerste kleinkind baie kosbaar.

Ds. André Louwrens se treffende boodskap met die kern, die vonk in water, na aanleiding van Lukas se vertelling van die Emmausgangers se skielike besef dat Jesus waarlik by hulle is en opgestaan het, het elke teenwoordige diep geraak en weer eens bewus gemaak van die vonk, wat hom aan God verbind. Hierdie dooppreek het diep tot elke teenwoordige gespreek.

Morné Serfontein, orrelis van Beaufort-Wes, het met sy puik orrelspel besondere luister aan die diens

verleen, soos ook die sang van Murraysburg se eie Pavarotti, Werner Swart.

Familie, vriende, ja die hele gemeente, is deur die Conradies en Therons in die kerksaal met heerlike verversings bederf en is daar sommer lekker saamgekuier.

Mag hierdie eerste amptelike verbintenis met hulle Skepper vir die twee dopelinge 'n lewenslange rigsnoer wees!



Die hele doopgroep met ds. André Louwrens tussen die Conradies en Schmidts

Murraysburg se Orrel

Die nuwe (huidige) orrel is deur die onderneming WG Volwes van Bristol, Engeland, gebou. Dit is deur die Kaapse firma GW Price & Seun in die kerk opgerig. Die orrel het sowat £800.00 gekos, ingesluit aflewering tot in Kaapstad.

Met die inwyding van die vergrote kerkgebou op 14 Desember 1907 is die orrel om die beurt gespeel deur die plaaslike oorelis, mej Jemima (Miss Mymie) van Heerden (later Burger), en mnr (later prof) PK de Villiers. Laasgenoemde was 'n bekende musikus van Worcester wat vir die geleentheid na Murraysburg genooi is.

Omdat Murraysburg eers in 1939 elektriese krag gekry het, is die orrel aanvanklik met die hand gepomp. Seuns wat die pompwerk gedoen het, het hulle name op die pype en planke in die omgewing van die groot hefboom verewig. In 1944 is 'n elektriese blaasbalk uit Engeland bestel en aangebring. Die orrel kan ook nog met die hand gepomp word in geval van 'n kragonderbreking.

Die orrel het twee manuele ("speelborde") en 'n pedaalbord, asook 25 sprekende registers. Die registerknoppe is van soliede ivoor en is teen 'n hoek van 45 grade geplaas. Die orrel het 1502 pype wat in 'n kas van eikehout met houtsneewerk geplaas is. Altesaam 53 van die pype maak die voorkant van die orrel uit. Laasgenoemde pype is in drie verskillende kleure versier en die woorde "Looft God in zijn heiligdom" is op die houtversiering bo-aan die pype gegraveer.


Volgens prof Albert Troskie, afgetrede hoogleraar in musiek aan die Universiteit van Port Elizabeth, het WG Volwes (1825 – 1912) minstens sestien orrels na Suid Afrika uitgevoer, waarvan elf nog in die oorspronklike toestand is. Van hierdie elf orrels is die een op Murraysburg die grootste en indrukwekkendste.

Prof Troskie raam die vervangingswaarde van die orrel soos in 2005, op sowat R800 000. Hy sê die orrel is egter van "onskatbare historiese waarde".

~ Murraysburg 150 Jaar ~



Die ware branderplankryers!




- Murraysburg 150 jaar -

Ons kom agter dat daar nog baie mense is wat nie bewus is van hierdie juweel van 'n boek oor Murraysburg nie. Dit is 'n moet vir enige oud-Murraysburger asook vir enige student in die geskiedenis van ons land en veral die sentrale karoo. Die boek is beskikbaar by die Kweperlaan of kan bestel word by Alida Pienaar by 082 599 0366

MURRAYSBURG 150 JAAR

Izak Malherbe • Charl Conradie • Alida Pienaar



MURRAYSBURG 150 JAAR

Murraysburg was in 2005 anderhalf eeu oud. So beskeie soos hierdie Karoodorp mag voorkom, so kleurryk is sy geskiedenis. Hier word vertel van onder meer:

- Die dorp se stigting en die groot geeste wat daarby betrokke was.
- Hoe Murraysburg 'n algehele sonsverduistering beleef het – en amper 'n internasionale sterrewag gekry het.
- Oud-Murraysburgers wat tot op die hoogste vlak in die samelewing gepresteer het.
- Hoe die land op hol was oor 'n soektog na aardolie in die distrik.
- Murraysburg as heroïese Kaapse rebelledorp in die Anglo-Boereoorlog.
- 'n Brilljante Skotse onderwyser wat die dorp 'n vooraanstaande sentrum vir voortreflike onderwys gemaak het.
- Die geskiedenis van die sierlike Nederduitse Gereformeerde kerkgebou en sy besondere orrel.
- Gerekende skrywers, digters, musici en sportlui wat bande met Murraysburg het.
- Murraysburg se reuse-bydrae tot die landbou in die land.

Foto's en karaktervolle illustrasies verhelder die teks. Die illustrasies is uit die pen van Janet Kingwill, boervrou van Murraysburg.



ISBN 978-0-620-50207-8

